13. Dankie, Jesus, vir ons baba

Doelwit
Om die peuters te leer dat die baba deur Jesus daar gestel is en dat hulle almal lief moet wees vir mekaar.

Kernvers
Johannes 15:12 'Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet.'

Voorbereiding

Voorbereiding van tematafel
Bring onderstaande flitskaarte aan, pak voorwerpe uit en sit prente op aansteekbord:

- Eenheidstema: Mense in my leefwêreld.
- Kernvers: Johannes 15:12 'Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet.'
- Kerngedagte: Dankie, Jesus, vir ons baba.
- Voorwerpe: Babagoed
- Aansteekbord: Familiefoto's van peuters, asook babafoto's, kan opgesit word.

Voorbereiding en hulpmiddels vir grootgroepbediening (GGB)

- Reël met 'n mamma wat 'n baba het om die baba by die GGB te kom bad. Berei voor wat sy nodig het, bv tafel, bababad ens.

Voorbereiding en hulpmiddels vir kleingroepbediening (KGB)

- Elkeen kry 'n bolletjie speelklei (Sien Hulpmiddelboek) en 'n kleibordjie
- Polistireenbakkies (nie te groot nie), of dekseltjies van halfdosyn-eierhouer waarin peuters hulle 'baba' kan sit
- *Fleecy* materiaal (verkieslik pastelkleur), gesny om in polistereenbakkie of eierhouerdekseltjie te pas en dien as kombersie vir die peuter se 'baba'
- Fopspeenlekkers (*jelly baby*-soort) vir elkeen

Notas

Ontvangs

Voorbereiding deur en van leiers

Die Grootgroepleier (GGL) en Kleingroepleiers (KGL's) moet ruim voor die Ontvangs van die kinders in die peuterlokaal wees om: 1) die lokaal finaal voor te berei (o a die uitstalling op die Tematafel en voorbereiding van die hulpmiddels) om self voorbereid te wees en 'n gevoel van rustigheid en veiligheid vir die peuters later te skep en 2) voorbidding vir die Ontmoeting te doen.

Ontvangs van kinders

Sorg dat daar vir julle gemeente 'n funksionele sisteem in plek is waar die ouers/ voogde hulle kinders met gerustheid kan afgee en later weer kan afhaal. Kleingroepleiers (KGL's) ontvang die peuters. Peuters wat meermale kom, bly t w v geborgenheid in dieselfde kleingroep.

Ontspanne spel

Peuters speel waarmee hulle wil. Die foto-albums en plakboeke kan nog beskikbaar wees. Sit ook babaspeelgoed uit. Poppe kan ook uitgesit word.

Grootgroepbediening

Verwelkoming en gebed

- Kry die peuters gemaklik op die mat om jou en maak hulle rustig. In die geborge atmosfeer kan daar nou met gebed geopen word.
- Verwelkom die peuters en wens die peuters geluk wat sedert die vorige Ontmoeting verjaar het.

Sang

- Twee of drie kort liedjies wat die kinders ken en lekker kan saamsing, kan nou gesing word.
- Leer ten slotte die derde vers van die temaliedjie, *Jesus het my mooi gemaak*, aan.

Boodskap

- Mamma bad haar baba. Gesels deurentyd oor wat sy doen, hoe mooi Jesus die baba gemaak het, versorging en kos van die baba ens.
- Sing weer die temaliedjie.

Notas

Kleingroepbediening

Aktiwiteit

•Gee vir elkeen 'n bolletjie klei. Hulle maak hulle eie 'baba'.
•Elkeen sit sy 'baba' in 'n polistireenbakkie.
•Elkeen maak sy 'baba' toe met die stukkie *fleecy* materiaal. Hulle moet baba in die bedjie' tuis vir hulle ouers/ voogde gaan wys.
•Praat telkens met hulle oor dat Jesus die babatjies mooi gemaak het en dat hulle ook mooi met die babas moet wees.
•Gee vir elkeen 'n fopspeenlekker, wat hulle al hier kan eet.

Gebed

Dankie, Jesus, vir ons baba. Amen.

Notas